

11 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-13

Fokusgedeelte: Jesaja 55:11

Die Here gee en onderhou lewe deur sy Woord

Hier in Jesaja 55 gee die Here 'n uitnodiging na ware lewe: Kom, koop sonder om te betaal! Hierdie uitnodiging is nie net aan sy volk gerig nie, maar aan elkeen wat geestelik dors en honger is. Dit is elke mens. Elke mens probeer daardie dors en honger wegkry. Elkeen soek betekenis en lewe.

Mense soek lewe op baie plekke: werk, geld, besittings, verhoudings met ander mense, stokperdjies, noem maar op. Maar net die Here gee ware lewe. As jy dit op 'n ander plek soek, gaan jy altyd net meer en meer wil hê, omdat jy nooit genoeg gaan kry nie. Die Here gee lewe in oorvloed. Nie net water om lewe te onderhou nie, maar melk om jou sterk te maak en wyn om jou gelukkig te maak. Die Here les mens se geestelike dors. Hy gee alles wat mens ooit kan nodig hê om in 'n ewige verhouding met Hom te leef.

Hy gee ware lewe deur sy Woord. In sy Woord leer die Here ons Wie Hy is en wat Hy doen. In die Woord leer Hy ons dat ons by Hom kan koop sonder om te betaal – omdat Jesus Christus die volle prys betaal het. Hy het sy lewe gegee, Hy het die dood oorwin, sodat ons 'n ewige verhouding met God kan hê. God gee lewe deur sy Woord en Hy onderhou lewe deur sy Woord. Hy maak ons geestelik vol met Homself.

Verdiep jouself biddend in sy Woord. Hy doen wat Hy belowe. Hy maak jou geestelik vol en hou jou vol met sy Woord, sodat jy enduit kan volhard! Kom, almal wat dors is, kom na die water toe ...

Sing: Psalm 19:4, 5, 6 (1936)

Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)